# INDIESE SPREEU, ONS MEES GEHATE VOëL ?

Ons almal ken seker die Indiese Spreeu met sy bruin, swart en wit veredos, opvallende oranje geel snawel, kaal gesig en bene en sy aggressiewe, parmantige gedrag. Die wit stroke op sy vlerke is in vlug duidelik sigbaar. Jong voëls vertoon valer as volwassenes.

As die voëls broei, bly hulle in pare saam, maar buite die broeiseisoen versamel hulle in groot raserige swerms, veral by hulle slaapplekke (bome). Die Indiese Spreeu kom hoofsaaklik naby menslike nedersettings voor (kultuur volger) en kan ook in ons Landgoed dopgehou word, waar hy baie kordaat, op soek na kos, op ons grasperke rondstap en hom soos die baas van die plaas gedra.



'n Ouerpaar keer altyd na dieselfde nes terug, waar ses groenblou eiers gelê en uitgebroei word. Twee broeisels kleintjies word per jaar grootgemaak. Na omtrent 'n maand verlaat die kuikens die nes, maar word dan nog vir 'n verdere drie weke deur die ouers gevoer.

Indiese Spreeus vreet letterlik alles wat voorkom, van vullis tot ongewerweldes, insekte ens. Verder verorber en beskadig hulle nie net vrugte, soos druiwe, appelkose en aarbeie nie, maar ook graangewasse in landbougebiede, en boere beskou hulle as 'n pes. Sommige van ons voëls is ook lief vir dieselfde vrugte maar kom nie in swerms voor nie, en landerye met graangewasse kan ook deur ons saadvreters in reuse swerms binnegeval word.

Indiese Spreeus kompeteer aggressief met ander voëlsoorte vir kos en nesmaakplekke (holtes) en daar is selfs waargeneem hoe hulle neste en eiers van ander voëls verwoes. Maar elke voël het sy eie nis waar hy leef, sy kos vind en waar hy vermenigvuldig. Ons voëls is nie uitgesproke kultuurvolgers soos die Indiese Spreeu nie, en hulle word buite menslike nedersettings min gepla. Die Indiese Spreeu kan langer as 12 jaar leef. Hy is ook 'n baie goeie nabootser van voël- en baie ander geluide.



Die voël word in Suid-Afrika as 'n indringer spesie (indringer spesies is deur mense die streek binne gebring) beskou en sy oorspronklike tuiste is Indië, Afganistan en die suide van Asië. Omdat hy 'n omnivoor (alles vreter) is, en soos alle indringerdiere, - voëls, - plante en –bome, buite sy oorspronklike habitat geen natuurlike vyande het nie, vermenigvuldig hy baie vinnig en maklik.

Daar word beweer dat 'n ryk man van Mauritius die eerste Indiese Spreeus in 1888 in Durban vrygelaat het. Hierdie voëls was afkomstig van Birma en Assam, maar hulle het nie aangepas nie. Eers dié voëls wat vanaf 1900 deur voëlhandelaars verkoop is, het aangeteel.

Teen 1953 was hulle al wydverspreid oor die kusgebiede en die KwaZulu-Natal se middellande. Hulle getalle het egter oor die volgende 30 jaar taamlik konstant gebly. In die 1930's is glo 'n aantal Indiese Spreeus in Johannesburg vrygelaat en was hulle tot 1953 nog maar baie gelokaliseer.

In Pretoria het die eerste Indiese Spreeus in 1955 hulle verskyning gemaak en was tot middel 1980's nog redelik skaars. Maar daarvandaan het hulle vinnig oor die res van die land versprei en kom nou in al ons provinsies voor en kan hulle van die Kaap tot in die Krugerwildtuin aangetref word.

Terwyl dié indringer voël deur baie ornitoloë gehaat word, word hy as 'n simbool van Durban aangeneem en ook as 'n permanente lid van die omgewing se voëlbevolking aanvaar.

Geborg deur:
Sponsored by:
AULA
Verhurings/Rentals
Midrand Estates
012 940 9353
www.aulaprop.co.za